



Die Fees van die Weke (Shavuot)

Ons lees dié week:

Levitikus 23:15-22
Handelinge 2:1-13

sewe weke die oestyd waar die graan op die lande ingesamel is. Dit het afgesluit met 'n dankfees vir die oes op Shavuot/Pinksterdag.

Ander teksgedeeltes wat in hierdie tyd gelees word is Eksodus 19 en 20 asook Deut. 15:19 – 16:17, Habakuk en Rut.

Agtergrond

Die Fees van die weke (Shavuot) is 'n dankbaarheidsfees wat hoofsaaklik fokus op twee goed: die geskenk van die Torah op die berg Sinaï en die graanoes in die somertyd. In Bybelse tye was Shavuot saam met die Pasga- en Loofhuttefees een van die drie groot pelgrimsfeeste. Dit het beteken dat Jode van regoor die land na Jerusalem gereis het om 'n gedeelte van hul opbrengs te kom gee as offer vir God.

Die woord Shavuot (שבועות) beteken weke. Hierdie fees word sewe weke (50 dae) na die tweede dag van die Pasgafees gevier. Volgens die Jode was dit op hierdie dag dat Moses die Torah/Wet van die Here ontvang het op Sinaï. Heuning en melkprodukte word tydens die fees geëet om die feesgangers daaraan te herinner dat die woorde van die Torah so aangenaam is soos heuning en melk. Hierdie groot dag het later ook bekendgestaan as die Pinksterfees (Pentekostes) waarvan ons lees in Handelinge 2:1. In Grieks beteken Pentekost "vyftig" wat verwys na die 50 dae wat verloop het na Pasga. Destyds was hierdie

Pinksterfees het 'n wonderlike Nuwe Testamentiese vervulling waarvan ons lees in Handelinge 2. Joodse pelgrims was van oraloor in Jerusalem bymekaar om hierdie fees te vier toe die Heilige Gees uitgestort is - die Heilige Gees wat gekom het om God se Torah op ons harte te skryf en ons te herinner aan alles wat Jesus op aarde geleer het. Shavuot word gesien as die geboortedag van die Joodse nasie – dit is waar hul identiteit gevorm is. Met die uitstorting van die Heilige Gees oor alle mense het Shavuot nou ook die geboortedag van die kerk geword.



Ons teks praat van 'n wonderwerk. Daar is 'n geweldige stormwind en vuur. Ongelooflik. Maar dit lyk of daar iets nog meer ongelooflik is. Mense – gewone mense – praat op 'n ander manier. Hulle is geesdriftig en meegevoer. En nog 'n groter wonder: mense hoor hoe eenvoudige mense in hulle eie moedertaal met hulle praat. Die woorde wat dié mense se mond verlaat bereik hulle ore as bekende en lewegewende klanke.

Pinkster gaan oor 'n nuwe begin. Dit is iets onverwags en verrassend. Die Gees laat mense nuut praat. Dit gaan oor die inbeweeg van nuwe mense in 'n nuwe dimensie, situasie en tyd. Dit is dus meer 'n tyd van 'n begin as van 'n voleinding. Dié nuwe lewe word uitgestort op almal. Die nuwe lewe kry gestalte in 'n nuwe taal. 'n Taal-wonder vind plaas. Die eerste gawe was 'n spraak-gawe.

KLEINGROEPBYEENKOMS

Vorbereiding vir die byeenkoms:

Gesels vooraf oor hoe julle die aand gaan inrig. Jode vier dit met melkprodukte en heuning (om ons te herinner aan hoe aangenaam en soet die Torah van God is). Jul kan dus 'n lekker kaasbord maak met iets soets saam met dit.

Ons ontmoet mekaar

Shavuot is onder andere 'n dankbaarheidsfees. "I would maintain that thanks are the highest form of thought, and that gratitude is happiness doubled by wonder." (G. K. Chesterton). Kyk terug na die afgelope paar weke en deel met mekaar waarvoor elkeen dankbaar is.

Ons ontmoet God

- Tydens hierdie fees word daar tradisioneel sewe kerse aangesteek wat simbolies verwys na die sewe weke wat verby is sedert die Pasgafees. Sewe is ook die volmaakte getal wat in hierdie konteks wys na God se allesomvattende sorg.

Steek sewe kerse aan en raak bewus van God se nabyheid. Laat iemand voorgaan met gebed.

- Lees in die groep die twee teksgedeeltes van die week. Gee genoeg tyd hiervoor.

Ons deel met mekaar

- Laat elkeen vertel wat hulle in die gedeeltes getref het.
- Let veral op watter vrae gevra word in Handeling 2. Ons hoor byvoorbeeld in v12 "Wat kan dit alles tog beteken?" Watter vrae maak hierdie vrae by jou los?
- In Handeling 2 lees ons dat die Heilige Gees uitgestort is tydens die Pinksterfees. Tydens hierdie fees het die Jode vir mekaar die storie van Sinai vertel – 'n verhaal waar ons hoor hoe God met hulle (en spesifiek Moses) gepraat het deur vuur en stemme, en vir hulle hul nuwe identiteit kom gee. En nou hier in Jerusalem, met die uitstorting van die Gees, 'praat' God weer met hulle deur 'n stormwind, stemme en vuur. Die Jode sou onmiddellik vir mekaar gesê het: Sinai gebeur weer! God het nie van ons vergeet nie. Maar hulle was ook diep bewus dat sy Gees 'n gawe is vir alle mense van alle nasies. Deel met mekaar wat dit vir jou beteken om bewus te word van hierdie geskenk van God wat vir almal bedoel is.

Ons bid saam

- Deel met mekaar waarvoor julle vir mekaar kan bid vir die week wat voorlê. Vat hande en bid hardop saam die Ons Vader gebed.

